Jesus kry Sy 1e doodvonnis, Godsdiens doen dit
Godsdiens sal vir jou sê: ons sal jou doodmaak 3:6

Jesus op die Sabbat, in die Sinagoge, daar is 'n man met 'n gebreklike hand, die Fariseërs hou Jesus fyn dop 3:3, om te sien of Jesus die man genees, en sodat hulle Jesus kan aankla, Jesus sê toe vir die man
**"Staan op hier <u>TUSSEN HULLE</u>!"** :3:3

toe die man staan, sê Jesus **<u>VIR HULLE:</u>**
**"Mag 'n mens op die Sabbatdag goed doen, of kwaad doen, iemand red of doodmaak?"** 3:4

**Hy het hulle rondom Hom kwaad aangekyk** 3:5
die kwaadste ooit
en die bedroefste ooit
jy weet as iemand huil vd kwaadgeid
**oor hulle verhardheid** 3:5
**"steek jou hand uit!"** 3:5
**"Hy het sy hand uitgesteek en dit was gesond."** 3:5

Trompop botsing, kop teen kop
verharde koppe van die Godsdiens teen Jesus.

**"Die Fariseërs het toe uitgegaan en dadelik met die Herodiane 'n komplot teen Jesus gesmee om Hom om die lewe te bring."** 3:6

**Dit is wat gebeur het tussen Markus 1 en Markus 15.**

<u>NOU: vir my , en vir jou: besluit, kies, kies nou vir Jesus!</u>
9:34 **"As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem, en My volg..."**
Wat jy ook al ooit gedink het, dink weer. Kies nou vir Jesus.
Jy moet die Here jou God liefhê, met jou hele (sagte) hart. ccx



LEES MARKUS 1 - 15

# Die Botsing

tussen die Godsdiens van die Jode en die Geliefde Seun van die hemel, verskillende botsings, wat eskaleer, totdat hulle besluit om Hom te vermoor, en Jesus sterf alleen, verguis, verwerp, verbrysel.

1:9 – 11 **Jesus het in daardie selfde tyd van Nasaret in Galilea af gekom, en Hy is deur Johannes in die Jordaan gedoop. Net toe Hy uit die water kom, het Hy die hemel soos 'n duif sien oopskeur, en die Hees soos 'n duif na Hom tot sien neerdaal. Daar was ook 'n stem uit die hemel: "Jy is My geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My."**

1: 14 **Nadat Johannes in die tronk opgesluit is, het Jesus na Galilea toe gegaan en die evangelie van God verkondig. Hy het gesê: "Die tyd het aangebreek, en die Koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo in die evangelie."**

In Getsemane, Markus 14:33, Jesus vat vir Petrus, Jakobus, Johannes, altyd die 3, saam met Hom, Hy het ontsteld geword, Hy het beangs geword, en vir hulle 3 gesê: **"Ek voel doodsbenoud".**

Markus 15:34 (NLV) **Dit was toe dat Jesus baie hard uitgeskreeu het: "Eloï, Eloï, lemá sabagtani?"
as mens dit vertaal, beteken dit:
"My God, my God, hoekom het U My verlaat?"**